**5 Desember** **Skrifgedeelte: Jesaja 52:1-12**
**Fokusgedeelte: NGB, Art 34**

## Die doop – afskeiding van ongelowiges

Israel het nog altyd aan God behoort, maar hierdie feit was dikwels verborge. Vir lang tye het dit gelyk of hulle aan vreemde volke behoort. Hulle het as slawe in Egipte gewoon en is deur Assirië verdruk (vers 4), maar nou profeteer Jesaja oor 'n dag wanneer die Here sy volk sonder geld loskoop (vers 3). Die hele wêreld sal dan sien dat God sý volk verlos (vers 9-10).

Ons Skrifgedeelte roep God se kinders op om wakker te word vir hierdie verlossing. As Nuwe-Testamentiese gelowiges weet ons baie beter as die mense van Jesaja se tyd hoe God sy volk sonder geld losgekoop het. Hy het ons uit sonde losgekoop met die bloed van sy eie Seun! Ons is losgekoop om net aan God te behoort. Ons dra die merk dat dit só is – die doop!

Word dus wakker vir die betekenis van jou doop! Jy is losgekoop. Mense wat losgekoop is leef anders as hulle wat nie losgekoop is nie: Sulke mense leef feestelik (vers 1) en jubel en juig (vers 9) tot eer van God. Hulle maak die slawetoue wat nog om hulle nekke is los, skud die stof van hulle klere af (vers 2) en beweeg weg van die plek van slawerny en verdrukkers af (vers 11).

Ondersoek vandag jou lewe of die fees van losgekoop te wees, die fees van God s'n te wees al in jou lewe begin het. Ondersoek jou hele lewe vir dinge wat die waarheid dat jy aan God behoort, verduister (sondes, verkeerde vriende, werk, geld) en stap van hierdie dinge af weg. Jy kan koninklik van hierdie dinge af wegstap, want vir jou geld ook wat Jesaja in vers 12 sê: "Die Here gaan voor julle uit" en "die God van Israel kom agter julle aan". Jy is immers gedoop!

*Dr. WC Vergeer (Potchefstroom-Oos)*